




eduresourceza.com



VOORBEREIDENDE EKSAMEN 2024

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR.

1. Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:
Afdeling A – Letterkunde (70 punte)
Afdeling B – Transaksionele skryfwerk (30 punte)
 3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy in jou Antwoordboek.
 4. Nommer al jou antwoorde presies soos die vrae genummer is.
 5. ALLE vrae **moet in Afrikaans** beantwoord word.
 6. Dit is in jou eie belang om **leesbaar** te skryf en jou werk **netjies** aan te bied.
-

AFDELING A LETTERKUNDE

INSTRUKSIES VIR AFDELING A

1. Beantwoord **AL VIER** vrae.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.
3. Skryf jou **getal woorde** aan die einde van **die paragraaf in Vraag 2** en **die opstel in vraag 4** neer.
4. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die getal punte bepaal die getal feite wat verwag word.
5. **Beplanning**
 - 5.1 Dit is 'n goeie idee om 'n **opstel of paragraaf** te beplan voordat jy dit neerskryf. Die beplanning word nie gemerk of bepunt nie.
 - 5.2 Skryf die opskrif: **BEPLANNING** boaan. Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

VOORBEELD:

BEPLANNING	ANTWOORD
 (linkerkantse bladsy) <i>Bron: Pinterest</i>	 (regterkantse bladsy) <i>Bron: graphicsfactory.com</i>

DONKER WEB – Fanie Viljoen

Beantwoord die volgende VIER vrae oor die roman, *Donker Web*.

VRAAG 1 LEIDRADE UIT 'N BOEK, DIE WEB EN 'N "WEBCAM".

"Die angstigtheid stoot in my keel op. Nie dit nie, net nie dit nie!

"Soek jy na iets?" vra Ayla by die deur.

"Nee," lieg ek. "Ek maak net 'n bietjie skoon."

"So, jy het nie 'n boek verloor nie?" vra Ayla. "'n Spesiale boek?"

[bl. 162]

- 1.1 Hoekom is Greg angstig terwyl hy na die boek soek? (1)
- 1.2 Saam met die boek was daar 'n nota. Wat het op daardie nota gestaan? (1)
- 1.3 Wat het die Baker belowe om te doen toe hy uitgevind het dat Rian Trollip se vrou vir Greg die boek gestuur het? (1)
- 1.4 Hoe reageer Rian Trollip se vrou toe Greg oor Project Nursery Rhyme uitvra? (1)
- 1.5 Noem een chemekalie wat as 'n halwe woord in die boek voorkom. (1)

"Terwyl ons wag op antwoorde op ons boodskappe, stel Xander voor ons moet "Heilige Wysheid" gaan opsoek. Ek weet nie waarvan hy praat nie, maar vat nogtans saam met hom 'n trem na die Sultanahmet-distrik."

[bl. 173]

- 1.6 Gee 'n ander naam vir "*Heilige Wysheid*"? (1)
- 1.7 Waarom wil Xander vir Greg na hierdie plek vat? (1)
- 1.8 Greg en Xander wil die Baker uitlok om 'n soortgelyke gif te maak soos wat in Engeland gebruik is om *Sergei Skripal* en sy dogter te vermoor. Watter senumiddel is gebruik om *Sergei* en sy dogter te vermoor? (1)
- 1.9 Terwyl Xander en Greg op 'n antwoord op hulle versoek op die donker web gewag het, het hulle 'n boodskap gekry wat gesê het "*Look Elsewhere*".
 - 1.9.1 Aan wie het hierdie webblad behoort? (1)
 - 1.9.2 Noem die toep (program) wat Greg gebruik het om die geheime boodskappe op "*Elsewhere*" te ontsyfer. (1)

“Die Baker is nie op die foto nie,” sê ek.

“Tja, ek weet,” sê Xander. “Maar dis hoe ons hom gaan kry.” Hy vergroot die foto op die skerm. “Lyk die plek vir jou bekend?”

Die foto is donker, dalk die binnekant van ‘n vertrek ...

[bl.240]

- 1.10 Watter toep (program) gebruik Greg en Xander om die Baker se ‘webcam’ oop te maak? (1)
- 1.11 Wat kon Xander en Greg op die Baker se webcam-foto herken? (1)
- 1.12 Hoe het oom Dirk uitgevind dat Xander, Greg en Ayla volgende na Venisië toe sal gaan? (1)
- 1.13 Kies die korrekte antwoord by die volgende vraag. Skryf slegs die nommer en die letter neer.
- As watter ander naam staan die stad Venisië bekend?
- A Die stad wat naby water is.
- B Die stad wat in die water staan.
- C Die stad wat langs die water staan.
- D Die stad wat onder die water is. (1)
- 1.14 Watter ander auditiewe leidraad is daar op die webcam-video wat vir Greg bevestig dat dit wel die Baker se webcam is. (1)

[15]

VRAAG 2 GREG SE SKOOLLOOPBAAN

'n Senuweeagtige Joan Gibbs, die skoolsekretaresse, het ons in die parkeerarea ingewag. "Die skoolhoof wil jou sien, Greg. Mevrou is ook welkom."

"Ons is eintlik 'n bietjie haastig."

"Dit sal net 'n oomblik wees."

Ons het haar na die hoofgebou gevolg. Die kil atmosfeer het my nek laat kriel.

[bl.19]

- 2.1 Skryf 'n **paragraaf van tussen 80 en 120** woorde oor Greg se tienerjare en bespreek die mense en gebeure wat 'n invloed op Greg se lewe gehad het. In jou paragraaf moet jy aan die volgende aandag gee:

- Wat word die Graad 8's by die Lawson Kollege genoem en gee EEN feit van die ontgroeningsritueel? (2)
- Wie was Kwanele en hoekom het sy manier van groet vir Greg onkant gevang? (2)
- Een van Greg se vriende het agter die kar aangehardloop toe hulle die koshuis verlaat het.
 - Wie was hierdie vriend? (1)
 - Hoekom was hierdie vriend nie by die koshuis toe Greg sy besittings gepak het nie? (1)
- Wat beplan die vriend om na skool te doen? (1)

- 2.2 Greg het nie by Lawson Kollege gematrikuleer nie. Verduidelik hoe hy uiteindelik matriek voltooi het? (1)

- 2.3 Noem TWEE items van John se memorabilia wat uit die hoërskool se gedenkmuseum verwyder is. (2)

- 2.4 Thomas Lawson het met Greg en sy ma gepraat voor hulle kon vertrek.
Thomas Lawson het oor brûe gepraat.
- 2.4.1 Bespreek die simboliese betekenis van brûe in hierdie roman. (1)
- 2.4.2 Noem TWEE brug-episodes wat Greg diep ontstel het. (2)
- 2.5 Wie, buiten Xander, het vir Greg tydens hoërskool verraai en verduidelik hoe die persoon vir Greg verraai het? (2)

[15]

VRAAG 3 DIALOOG

“Wil jy oor Lisa en Plank praat?”

Ek skud my kop.

“Het jy moeilikheid?”

“Hoe het oom geweet?”

Hy beduie dramaties na die polisiegoed teen die muur. “Ek ken mense.”

“Ek wou net my pa help. Dis al”

“Ja.”

“Ek het na die Baker begin soek.”

[bl. 106]

Greg het na oom Dirk gegaan om raad te vra nadat hy by die aanhoudingselle was.

Voltooi die volgende **dialoog** tussen **Greg** en **oom Dirk**. Skryf slegs die **vraagnummer en die persoon se woorde in jou Antwoordboek, neer**. Laat 'n reël oop ná elke antwoord.

- 3.1 Oom Dirk: Ná ons eerste ontmoeting voor die kunsgalery het jy sleg gevoel omdat jy gevoel het asof jy jou vriend, Plank, in die steek gelaat het. Hoe het jy TWEE van jou eie gesinslede in die steek gelaat?

Greg: ... (2)

- 3.2 Oom Dirk: Waar was jy toe daar by jou woonstel ingebreek is?

Greg: ... (1)

- 3.3 Oom Dirk: Hoekom dink jy dat dit die Baker was wat by jou woonstel ingebreek het?

Greg: ... (2)

- 3.4 Oom Dirk: Hoe het jy geweet om een oggend om halfagt by die inligtingsentrum in Stellenbosch te wees?

Greg: ... (2)

- 3.5 Oom Dirk: Ek kan sien dat jy baie ontsteld is. Wat het by die
aanhoudingselle gebeur wat jou so laat skrik het?
Greg: ... (2)
- 3.6 Oom Dirk: Seun, jy is omtrent in 'n moeilike situasie. Ek kan sien dat jy
bekommerd oor jou ma is. Wat het onlangs met jou ma gebeur?
Greg: ... (1)
- 3.7 Oom Dirk: Het jy enige bewyse dat dit regtig met jou ma gebeur het?
Greg: ... (1)
- 3.8 Oom Dirk: Hoe hanteer jou ma hierdie stres as sy op haar eie is?
Greg: ... (2)
- 3.9 Oom Dirk: Sê vir my hoe ek jou ma en pa kan help.
Greg: ... (2)

[15]

VRAAG 4 LITERÊRE OPSTEL**Tema: TRAUMAS, DILEMMAS EN WREEDHEDE****Opdrag:**

Skryf nou 'n opstel van **250 tot 400 woorde** oor die traumas en dilemmas waarmee sekere karakters worstel.

- Jou opstel moet 'n **inleidings- en slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verlang word.
- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

Inleiding**Paragraaf A: Greg se trauma.**

- Watter posisie van eer het Greg by Lawson Kollege bekleed? (1)
- Wie was die enigste persoon wat by Greg en sy ma kom kuier het toe Chris Owen tronk toe gestuur is? (1)
- In watter gevangenis was Chris Owen? (1)
- Greg speel 'n groot rol in sy pa se inhegtenisneming. Hoe het Greg homself daarna gesien? (1)
- Hoekom was John se dood so traumaties vir sy gesinslede? (1)

**Paragraaf B: Sebastian Stadler**

- Sebastian Stadler se trauma as kind by Uitschotkraal het tot sy optredes en perverse en immorele buigbaarheid gelei. Hoekom, dink jy, het Sebastian Stadler so gewelddadig en wreed uitgedraai? (1)
- Noem twee grusame aktiwiteite waarvoor Project Coast verantwoordelik was. (2)
- Wie was die persoon wat vir Projek-Vlakplaas verantwoordelik was? (1)
- Noem een van Vlakplaas se grusame daade wat trauma veroorsaak het. (1)



Paragraaf C: Xander

- 'n Video van regter Gericke se teregstelling is aan Xander gestuur. Wie het hierdie afgryslieke video aan Xander gestuur? (1)
- Bespreek Regter Gericke se teregstelling volledig. (2)
- Waarom het Xander in die Koninklike Tuine gedink dat hy die een is wat deur die Baker vergiftig is? (1)
- Greg is eintlik vergiftig. Watter uitwerking het die gif op Greg gehad? (1)

**Paragraaf D: Dilemmas**

- In Istanboel het Greg voor 'n keuse gestaan toe die Baker se manne vir Greg, Xander, Plank en Ayla wou vang. Watter keuse het Greg oor Plank gemaak? (1)
- Rina Owen vra vir Dirk Schutte om Greg te oortuig om huis toe te kom. Wat was Greg se besluit en waarom? (2)
- Greg het in Venesië gedink dat Ayla se pa miskien die Baker kon wees. Dit het Ayla diep ontroer. Waar was Ayla toe Greg haar gaan soek het? (1)
- Hoekom, volgens Greg, het Xander 'n verhouding met Ayla aangeknoop? (1)

**Slot**

Taal en struktuur (5)**[25]**

70 punte

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.
3. Skryf die **getal woorde** aan die einde van **elke vraag** neer.
4. Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:
 - kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk
 - interpretasie van die opdrag
 - inhoud en idees
 - register en toon
 - taalgebruik

5. Beplanning

Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te beplan voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk of bepunt nie.

5.1 Skryf die opskrif, BEPLANNING, boaan.

5.2 Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar met jou skryfstuk is.

VOORBEELD:

BEPLANNING	VRAAG
	
(linkerkantse bladsy)	(regterkantse bladsy)

VRAAG 5 ARTIKEL**Situasie:**

Baie ouers kan nie hulle kinders se studies na matriek bekostig nie. Baie jongmense besluit dus om byvoorbeeld op seiljagte te gaan werk om geld te verdien en terselfdertyd deelyds te studeer, terwyl sommige besighede vir hul studies betaal.

Opdrag:

Skryf 'n artikel waarin jy:

- **werksopsies** bespreek wat vir jou 'n **inkomste** sal gee terwyl jy **opleiding** ontvang;
- die **voordele en nadele** daarvan bespreek;
- verduidelik watter **rol tegnologie** hierin kan speel.

Instruksies:

- Jy kan jou paragrawe volgens die bostaande kolpunte indeel.
- Jou artikel moet 'n **opskrif** asook 'n **inleiding- en 'n slotparagraaf** hê.
- Die inhoud van jou artikel moet **tussen 150-220 woorde** lank wees.
- **Skryf die totale getal woorde onderaan jou artikel neer.**

[20]



(<https://theyachtstew.com/life-after-yachting/>)



(<https://www.cato.org/blog/new-state-department-regulations-could-end-au-pair-program>)

VRAAG 6**E-POS****Situasie:**

Jou beste vriend/vriendin het na 'n ander dorp getrek en jy wil opwindende nuus met hom/haar deel.

Opdrag:

Skryf 'n e-pos aan jou vriend/vriendin waarin jy hom/haar die volgende vertel:

- **wat** jou nuwe aanlyn besigheid is en **hoekom** jy dit begin het;
- watter **sosiale media platform** jy daarvoor gebruik en **waarom**;
- **watter rol Kunsmatige Intelligensie**, soos ChatGPT, in die sukses van jou besigheid **gespeel** het.



(https://www.momjunction.com/articles/fresh-business-ideas-for-teenagers-how-to-start_00763412/)

Instruksies:

- Die inhoud van jou e-pos moet **tussen 60 en 100 woorde** lank wees en **moet** die bogenoemde kolpunte aanspreek.
- **Skryf die totale getal woorde onderaan jou e-pos neer.**
- Gebruik die onderstaande formaat vir jou e-pos.

Aan: _____

Onderwerp: _____

=====

Liewe ... (*vriend/vriendin se naam*)

Groete

(*Jou naam*)

[10]

30 punte

Totaal: 100 punte